Wes-Kaapse Regering

BETER TESAME.

BELANGRIKE KENNISGEWING

KENNISGEWING VAN OPENBARE KONSULTASIE-EN KOMMENTAARPROSES: KONSEP-BELEIDSRAAMWERK VIR WES-KAAPSE INSLUITENDE BEHUISING

Die doel van die beleidsraamwerk is om die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) (SPLUMA), se beginsels van ruimtelike geregtigheid, volhoubaarheid en doeltreffendheid en verwagting van provinsiale insluitende behuisingsbeleid te bevorder. Dit verskaf 'n beleidsgrondslag vir die toepassing van insluitende behuisingsbepalings in toestemmings vir grondgebruikbeplanning gegee deur munisipaliteite in die Wes-Kaap.

Die doel van die provinsiale Beleidsraamwerk vir Insluitende Behuising is om insluitende behuising meer prakties uitvoerbaar te maak as 'n meganisme om by te dra tot ruimtelike transformasie in die Wes-Kaap, met 'n fokus op sy dorpe en Kaapstad. Die Wes-Kaapse Regering se Provinsiale Strategiese Plan 2019–2024 identifiseer die ontwikkeling van 'n beleidsraamwerk vir insluitende behuising as 'n ingryping wat die fokusarea ondersteun om meer geleenthede vir mense te skep om op beter plekke te woon. Dit word gedoen in ooreenstemming met een van die vyf prioriteite van die strategiese plan: om mobiliteit en ruimtelike transformasie te bevorder.

Virtuele werkswinkels word op **31 Mei 2021** gehou. Indien jy aan 'n werkswinkel wil deelneem, stuur jou naam na **Michael.Hathorn@westerncape.gov.za.**

Enige persoon of organisasie wat op die beleidsraamwerk kommentaar wil lewer, moet voor of op 13 Julie 2021 hul kommentaar indien per pos aan: Die Departementshoof, Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, Direktoraat: Ruimtelike Beplanning, Privaat Sak X9086, Kaapstad 8000; per hand aan: me Catherine Stone, Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, Direktoraat: Ruimtelike Beplanning, 4de Vloer, Eiendomsentrum, Dorpstraat 1, Kaapstad; of per e-pos na: **Michael.Hathorn@westerncape.gov.za.**

Die Wes-Kaapse Konsepbeleidsraamwerk vir Insluitende Behuising is beskikbaar by: **www.westerncape.gov.za/eadp.** Vir navrae, kontak me Catherine Stone per e-pos by: **Catherine.Stone@westerncape.gov.za of per telefoon by: 021 483 4796.**